# Demokrasieë vir geregtigheid het vennote nodig

**Nico Koopman***

In 1964 het die Duitse regter en filosoof Ernst Wolfgang Bökenförde die sogenaamde Böckenförde-dilemma in sy publikasie *The rise of the state as a process of secularisation* geformuleer. Dit behels dat moderne liberale demokrasieë afhanklik is van waardes en omstandighede wat hulle nie self kan verskaf nie.

Demokrasieë vir waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid, soos die jong Suid-Afrikaanse demokrasie, het die regte omstandighede, vrugbare aarde en koestering nodig om te groei en floreer. John Witte, Amerikaanse vakkundige in godsdiens en reg, voer in *The Reformation of Rights* (2007) aan dat demokrasieë nie net die produk van Verligtingsdenke is nie, maar ook van godsdienstige tradisies, ondanks hul eie ambivalente menseregtegeskiedenis.

Demokrasieë het insette van intellektuele, filosofiese, sekulêre, kulturele en godsdienstige tradisies nodig om te floreer.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet streef ʼn lewe van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal na. Met die viering van Wêrelddag vir Sosiale Geregtigheid op 20 Februarie is dit belangrik om te onthou dat geregtigheid interafhanklik met waardigheid, genesing, vryheid en gelykheid funksioneer. Hierdie beginsels definieer mekaar. Christenskap en ander godsdienstige, kulturele en sekulêre intellektuele tradisies kan help om toestande te skep vir hierdie menseregtebeginsels om te floreer. Dit kan onder meer geskied deur 'omvattender' beskrywings van en begrip vir hierdie beginsels te bied.

Waardigheid kan dan verstaan word as die inherente waarde, nut, agting en grootsheid van alle mense. Sommige godsdienste grond hierdie waardigheid op die oortuiging dat alle mense na die beeld van God geskape is. In hierdie lig beskou, het waardigheid ʼn sogenaamde goddelike oorsprong en is daarom onvervreembaar. Soos Whitney Houston en ander sangers se bekende liedjie lui, 'They can't take away my dignity…'. Waardigheid verg erkenning, bevestiging en aktualisering. Soos die Duitse openbare intellektueel Jürgen Habermas oortuigend aanvoer, is menseregte nodig om menswaardigheid te bevorder.

Vanuit die perspektief van gesonde godsdiens behels genesing die fisiese, psigologiese, sosiale, politieke, industriële, ekonomiese, ekologiese, morele en geestelike heling van wonde waarmee mense leef. Die wydverspreide korrupsie en morele verval in ons land en wêreldwyd demonstreer die dringende behoefte aan morele en etiese genesing. Die hoë vlakke van angs in ons samelewings benadruk die behoefte aan geestelike genesing. Mense smag na sekerheid te midde van soveel onsekerheid; geborgenheid te midde van soveel bedreigings en risiko's; ankers in ʼn wêreld van storms; en betekenis in ʼn wêreld wat doelloos en leeg voel.

Ons het sielkundige genesing nodig te midde van soveel geestelike en emosionele nood, asook lae vlakke van moraal en motivering. Godsdienstige tradisies het soveel om by te dra tot sosio-ekonomiese genesing, genesing in die werkplek en genesing van die omgewing.

Godsdienstige tradisies bevorder ook die menseregtebeginsel van vryheid. Die 16de eeuse teoloog Martin Luther het onderskei tussen vryheid **van** en vryheid **vir**. Vryheid **van** beteken ons raak ontslae van die kettings wat ons op soveel maniere bind en verslaaf. Vryheid **vir** is om verantwoordelikheid vir onsself en die gemeenskaplike welsyn te neem. Vryheid bied geen ruimte vir wetteloosheid en aanspraakmaking nie.

Gelykheid is ook ŉ idee wat 'omvattender' beskrywings verg. Gelykheid verwys na ons gelykheid in waardigheid, waarde en nut, asook gelykheid van toegang tot die noodsaaklikhede en goedere van die lewe. Gelykheid impliseer egter nie eenvormigheid nie. Dit bied ruimte vir verskillende talente en potensiaal (iemand se inherente moontlikhede of vermoëns wat nog verwesenlik moet word), asook verskille in werksetiek, wat alles verskillende aansporings skep. Hierdie verskille behoort nie buitensporige ongelykheid in die samelewing tot gevolg te hê nie. Suid-Afrika bly byvoorbeeld een van die lande met die grootste gaping tussen ryk en arm in die wêreld. Gelykheid behoort dus gepaard te gaan met dít wat die 17de eeuse teoloog Johannes Calvyn as billikheid of *equity* beskryf. *Equity*, van die Latynse *aequitas*, beteken dat ons gebalanseerde gemeenskappe bou waar sommige nie te veel en ander te min het nie.

Godsdienstige tradisies verryk ook ons begrip van geregtigheid. In die Bybelse Hebreeuse taal word twee woorde vir geregtigheid gebruik, naamlik *mishpat* en *tsedaka*. *Mishpat* verwys na forensiese en juridiese geregtigheid en, in hedendaagse taal, geregtigheid wat met menseregte verband hou. *Tsedaka* verwys na opofferende en deernisvolle geregtigheid. Dit help ons om te verstaan dat liefde, deernis, sorg, opoffering, regte, beleide en wette alles bestanddele van volhoubare maatskaplike geregtigheid vir almal is.

Hierdie 'omvattender' verstaan van geregtigheid behels dat ons dit nie net as ŉ verpligting en ŉ reg beskou nie, maar ook as ŉ visie, ŉ waarde en ŉ deug. Ons droom van en visualiseer ŉ samelewing waar geregtigheid in al sy manifestasies hoogty vier. Geregtigheid as waarde beteken dat dit ons motivering, denke, besluite, beleide, praktyke en optrede rig. Geregtigheid as deug beteken dat dit vir ons ŉ gewoonte, ŉ neiging, ŉ intuïsie, ŉ ontvanklikheid of ŉ verstekposisie word; iets wat ons doen sonder dat ons eers in besonderhede daaroor moet nadink. Om geregtigheid as deug te aanvaar behels voorts dat ons nie net menseregte wil hê nie, maar ook regte mense; mense wat geregtigheid en regverdigheid beliggaam.

Geregtigheid kan doeltreffender verwesenlik word waar die saambestaan daarvan met waardigheid, genesing, vryheid en gelykheid konsekwent verduidelik word. Hoër vlakke van geregtigheid vir almal kan meer optimaal bereik word waar geregtigheidsdiskoerse, -beleide en -praktyke meer put uit 'omvattender' beskrywings van geregtigheid wat deur verskeie godsdienstige, kulturele en sekulêre intellektuele tradisies gebied word. Die potensiaal van hierdie tradisies om die implementering van geregtigheid, veral van maatskaplike geregtigheid, vir almal te bevorder verdien ook aandag.

*** Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.**